

# DIE BOEK OPENBARING

## Hoofstuk 11

### Inleiding

Kom ons maak net eers weer 'n kort opsomming van wat alles van hoofstuk 6 af geopenbaar is:

- Hoofstuk 6: Die oorwinningstog van die evangelie
- Hoofstuk 7: Die verseëling van die gelowiges
- Hoofstuk 8 en 9: Die oordele breek los waarmee God die wêreld en die mense tref oor hulle goddeloosheid en ongeloof
- Hoofstuk 10: Die evangelie van verlossing en die uitwerking daarvan op die mense
- Hoofstuk 11: Die kerk van die Here kom in die noute as gevolg van die verkondiging van die evangelie van die Here Jesus.

Hierdie hoofstuk werk met simbole. Ons kom dit dadelik agter wanneer daar na die tempel verwys word.

- Bedoel die openbaring hier die tempel wat in Jerusalem gestaan het en wat alreeds deur die Romeine verwoes was?
- Ongetwyfeld moet daardie tempel die vertrekpunt wees waarna die Here verwys – maar alles gaan nie volledig oor daardie tempel nie.
- Tog kan die openbaring nie net op daardie tempel betrekking hê nie. Die rede daarvoor is die volgende:
  - Die tempel is in 70 nC verwoes.
  - Tot op daardie stadium was daar geen tydstip gewees wat die toestand so erg was dat die heidene die hele stad en die voorhof van die tempel besit (vertrap) het en dat slegs die allerheiligste deel van die tempel nog vir die gelowiges uitgehou was nie.
  - Die openbaring wat Johannes kry, moet dus op meer as net die tempel in Jerusalem betrek word.

Die tempel in hierdie openbaring is die simbool van die kerk van die Here!

- Die openbaring betrek dan veral die ampsdraers en die soort van diens wat hulle in die Nuwe-Testamentiese tydperk in die tempel gedoen het.

*Wanneer ons hoofstuk 12 met hierdie gedeelte vergelyk, kom ons agter uit hoofstuk 12:6 dat hierdie tyd begin het met die hemelvaart van die Here Jesus Christus. Hoofstuk 11:11 maak dit duidelik dat al hierdie dinge eindig met die heel laaste dag wat daar tyd op die aarde sal wees.*

Die openbaring in hoofstuk 11 maak dit ook duidelik dat die twee getuies ook nie net twee spesifieke individue is nie.

- Hulle is al die ampsdraers wat getrou gewerk het in die kerk van die Here tot met die wederkoms.
- Twee (2) is die getal van die mens – dit dui dus simbolies op die mense wat as getroue dienaars vir die Here Jesus getuig het.
- Vergelyk hiervoor byvoorbeeld vers 4:

**Hulle is die twee olyfbome en die twee kandelaars wat voor die God van die aarde staan.**  
(Openbaring 11:4 AFR1953)

Hoofstuk 11 sluit dus aan by hoofstuk 10 omdat dit openbaar hoe die kerk van die Here gaan ly omdat hulle in die Here Jesus glo en omdat hulle sy evangelie van verlossing en versoening verkondig.

## Vers 1

**En 'n riet soos 'n stok is aan my gegee, en die engel het gestaan en gesê: Staan op en meet die tempel van God en die altaar en die wat daarin aanbid.**

(Openbaring 11:1 AFR1953)

Hierdie keer is die enigste keer in die openbaring wat Johannes 'n opdrag kry om self iets te moet doen.

- Dit is omdat hy as apostel 'n simbool word van al die ampsdraers wat in die Nuwe-Testamentiese tydperk in die kerk van die Here werk.
- Die meetwerk wat hy in die tempel moet doen, simboliseer die roeping van die ampsdraers om die evangelie van die Here te verkondig aan die uitverkorenes (die tempel).
- Johannes se meetwerk aan die tempel is ook bedoel om duidelik aan te toon dat ware werkers in die koninkryk van God nie besig is met enige nonsies nie – hulle doen koninkrykswerk.

Die beginsel is dat 'n eerlike en opregte ampsdraer van die Here in sy dienswerk in God se koninkryk 'n onderskeid maak tussen dinge wat heilig is en dinge wat onheilig is.

- Met dinge wat sinneloos en onrein en nutteloos vir die koninkryk van die Here is, hou hy hom nie besig nie.
- Vergelyk hierby die volgende uitsprake in die Bybel:

- Eers is daar 'n algemene onderskeiding:

**. . . en julle moet onderskeid maak tussen wat heilig en wat onheilig, en tussen wat onrein en wat rein is; (Levitikus 10:10 AFR1953)**

**Hy het dit aan vier kante gemeet; dit het 'n muur gehad al rondom; die lengte was vyf honderd en die breedte vyf honderd, om skeiding te maak tussen wat heilig en onheilig is. (Esegiël 42:20 AFR1953)**

- Dan is daar 'n negatiewe verwyting waarmee aangetoon word dat almal wat vir die Here werk, nie hierdie onderskeid tussen heilig en onreg (reg/verkeerd) tref nie:

**Sy priesters verkrag my wet en ontheilig my heilige dinge; tussen heilig en onheilig maak hulle geen onderskeid nie, en die verskil tussen onrein en rein gee hulle nie te kenne nie; daarby maak hulle hul oë toe vir my sabbatte; ja, Ek word onder hulle ontheilig.**

(Esegiël 22:26 AFR1953)

- Daar is ook die voorbeeld van lidmate wat nie hulle lewens voor God onberispelik kon hou nie, naamlik Ananias en Saffira en die klompie lidmate in Korinte:

**As dit nie verkoop was nie, het dit nie joue gebly nie? En toe dit verkoop is, was dit nie in jou mag nie? Waarom is dit dat jy hierdie saak in jou hart voorgeneem het? Jy het nie vir mense gelieg nie, maar vir God. (Handelinge 5:4 AFR1953)**

**En Petrus sê vir haar: Waarom het julle ooreengekom om die Gees van die Here te versoek? Kyk, die voete van die wat jou man begrawe het, is by die deur, en hulle sal jou uitdra. (Handelinge 5:9 AFR1953)**

**'n Mens hoor waarlik van hoerery onder julle, en hoerery van so 'n aard as wat selfs onder die heidene nie bekend is nie: dat iemand die vrou van sy vader het. En tog is julle opgeblase in plaas dat julle liever getreur het, sodat hy wat hierdie daad gedoen het, kan verwyder word onder julle uit. Want wat my betref, het ek, liggaamlik afwesig maar in die gees teenwoordig, alreeds besluit asof ek teenwoordig was, om hom wat so iets gedoen het, (1 Korintiërs 5:1-3 AFR1953)**

- Was die twee droogmakers, Himenéüs en Alexander, gelowiges of was hulle ongelowiges?

**. . . onder wie daar is Himenéüs en Alexander, wat ek aan die Satan oorgegee het, sodat hulle kan leer om nie te laster nie.**  
(1 Timoteus 1:20 AFR1953)

Johannes kry 'n riet.

- Wie gee die riet? Johannes sê nie reguit wie dit is wat die riet vir hom gee nie. Ons lei uit vers 3 af dat dit die Here Jesus Christus is wat die riet en die opdrag gee.
- Is dit belangrik om te weet wie die riet gee?
  - Dit is belangrik om te weet wat Johannes daarmee moet doen!
  - Uit sy opdrag is dit duidelik dat die Here Jesus die opdrag gee – want Hy roep elke ampsdraer en Hy gee hulle opdrag vir hulle.
  - Die Here het Johannes op aarde ook (al) geroep!

**En toe Hy daarvandaan verder gaan, sien Hy twee ander broers, Jakobus, die seun van Sebedéüs, en Johannes, sy broer, in die skuit saam met hulle vader Sebedéüs, besig om hulle nette heel te maak; en Hy het hulle geroep.** (Matteus 4:21 AFR1953)

- Dieselfde Here gee nou aan hom 'n opdrag tydens die openbaring op Patmos.

Die riet wat Johannes kry, verskil van 'n gewone riet.

- Hierdie riet is blykbaar stewig soos 'n stok of 'n kerie.
- Vergelyk hierby die volgende Bybelgedeeltes:

**. . . en hulle bevel gegee om niks vir die pad saam te neem nie as net 'n stok alleen— geen reissak, geen brood, geen geld in die beurs nie,**  
(Markus 6:8 AFR1953)

**en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het.** (Openbaring 2:27 AFR1953)

Met die riet moet Johannes die tempel (God se kerk) gaan afmeet.

- Die feit dat God sy tempel (kerk) afmeet, en die presiese mate daarvan hou, kom op meer plekke in die Bybel voor.

**En hy wat met my gespreek het, het 'n goue meetroede gehad, om die stad en sy poorte en sy muur te meet. En die stad het vierkantig gelê, en sy lengte was net so groot as sy breedte. En hy het die stad met die meetroede gemeet op duisend vyf honderd myl; sy lengte en breedte en hoogte was gelyk.** (Openbaring 21:15-16 AFR1953)

**En kyk, daar was 'n muur aan die buitekant van die huis al rondom, en in die man se hand was die meetroede van ses el (elkeen was 'n el en 'n handbreedte); en hy het die dikte van die bouwerk gemeet: een roede, en die hoogte: een roede.** (Esegiël 40:5 AFR1953)

Johannes moet spesifiek die altaar gaan afmeet en ook almal wat in die tempel aanbid.

- Die tempel in hierdie openbaring is nie die kliptempel wat in Jerusalem gestaan het nie!
- Die tempel van God is die gemeente/kerk/uitverkorenes van God.
- Dit gaan oor mense wat die Here aanbid en wat Hom in waarheid dien.
- Vergelyk hiermee saam die volgende:

**Wie oorwin, Ek sal hom 'n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van my God neerdaal, en my nuwe Naam.** (Openbaring 3:12 AFR1953)

**Daarom is hulle voor die troon van God en dien Hom dag en nag in sy tempel; en Hy wat op die troon sit, sal sy tent oor hulle oopspan.**

(Openbaring 7:15 AFR1953)

**Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie?**

(1 Korintiërs 3:16 AFR1953)

Die betekenis van hierdie openbaring dat die Here sy tempel laat afmeet, is bedoel om aan te toon dat die Here sy kerk *bewaar*.

- Hy het sy uitverkorenes afgeperk/begrens.
- En Hy bewaar hulle binne hierdie grense dat niks daar hulle ewige saligheid kan aantast nie.

Die mense na wie die Here hier verwys, is diegene wat die Here met hulle hele hart liefhet – die wat met lewensgevaar in die allerheilige gaan aanbid terwyl die heidene die hele stad en die res van die tempel vol is!

- Die afmeetproses openbaar dat die Here weet wie hulle is.
- Hy beveilig hulle.
- Hy bewaar hulle.

*Hierdie mense word juis in God se beskerming ingesluit in 'n plek waar die ander nie kan waag om hulle voete te sit nie!*

Daar is ander voorbeelde in die Bybel waar dinge afgemeet word om *verwoes* te word.

**En Ek sal oor Jerusalem die meetsnoer van Samaria span en die skietlood van die huis van Agab, en Jerusalem wegvee soos 'n mens 'n skottel uitvee: hy vee dit uit en keer dit onderstebo.** (2 Konings 21:13 AFR1953)

**Maar die pelikaan en die krimpvarkie neem dit in besit, en die uil en die kraai woon daarin. En Hy sal die riglyn van woestheid daarvoor span en die skietlood van vormloosheid.** (Jesaja 34:11 AFR1953)

Daar is ook voorbeelde waar die afmeet van iets openbaar dat die Here dit gaan *herbou* of *herstel*.

**In gesigte van God het Hy my in die land van Israel gebring en my neergesit op 'n baie hoë berg, en daarop iets wat soos 'n stad gebou was, teen die suide. En Hy het my daarheen gebring; en kyk, daar was 'n man wat in sy voorkoms soos koper gelyk het; en in sy hand was 'n linnetou en 'n meetroede; en hy het by die poort gestaan. En die man het met my gespreek: Mensekind, kyk met jou oë en hoor met jou ore en gee ag op alles wat ek jou sal laat sien; want om jou dit te laat sien, is jy hierheen gebring. Verkondig aan die huis van Israel alles wat jy sien.** (Esegiël 40:2-4 AFR1953)

**En dit is die afmeting van die altaar in elle (die el is 'n el en 'n handbreedte): die voetlaag 'n el hoog en 'n el die breedte; en die opstaande rand daarvan aan die buitekant daarvan rondom: een span; en dit is die onderbou van die altaar.** (Esegiël 43:13 AFR1953)

## Vers 2

**Maar die voorhof buitekant die tempel moet jy uitlaat en dit nie meet nie, want dit is aan die heidene gegee; en hulle sal die heilige stad twee en veertig maande lank vertrap.** (Openbaring 11:2 AFR1953)

Kom ons kry die beeld reg:

- Van watter plek word hier gepraat? Van die tempel van God.
- Wie gaan tempel toe? Mense wat die Here aanbid (of voorgee dat hulle die Here aanbid).

Met dit in gedagte luister ons na die opdrag wat die Here vir Johannes gee:

**Maar die voorhof buitekant die tempel moet jy uitlaat en dit nie meet nie, want dit is aan die heidene gegee;**

Dan tref die skok ons:

- Hierdie heidene is tempelbesoekers! Modern gestel: sogenaamde kerkmense.
- Maar God sien hulle nie as kerkmense nie! Hy sê hulle is heidene!
- Hy sien ook nie dat hulle die tempel besoek om God te aanbid nie! Hy sê hulle kom vertrap die plek!

Die voorhof is die gebied rondom die eintlike tempel wat destyds in Jerusalem was. Johannes moet dit nie meet nie.

- Die Afrikaanse teks lees: **moet jy uitlaat**
- Letterlik staan daar in die Grieks **uitgooi!**

*Die woordspeling wat ons in Afrikaans mis, is dat die woord vir gemeente uitverkiesdes/uitgeroepes is. Hierdie woord is die presiese teenoorgestelde van uitverkies of bymekaarmaak: uitwerp!*

- Baie duidelik openbaar die Here dat hy daardie deel van die tempel se besoekers verwerp. Hulle is nie deel van sy verlossingsvoorsiening in die Here Jesus (die Lam) nie.
- Die feit dat die Here daardie deel van die tempel nie meet nie, beteken dat die Here daardie deel van die tempelgangers nie as sy eiendom aanneem/aanvaar nie.
- Die Here gee dus daardie deel van die tempel oor aan die wêreld en aan verderf.

Dit was in beginsel al so toe Johannes as 'n jong man saam met die Here Jesus deur die tempel geloop het!

- In die voorhof van die heidene het die mense geld gewissel, vee verkoop, en allerhande soorte besigheid gedoen wat die eer van God ontheilig het.
- Hierdie selfde Johannes het dit met sy eie oë gesien en dit twee keer meegemaak dat die Here die tempel met 'n sweep skoongemaak het (een keer aan die begin van sy bediening en een keer aan die einde van sy bediening).

Johannes beskryf die eerste tempelreiniging:

**En Hy het in die tempel gevind die wat beeste en skape en duiwe verkoop, en die geldwisselaars wat daar sit. En Hy het 'n sweep van toutjies gemaak en almal uit die tempel uitgedrywe, ook die skape en die beeste, en die kleingeld van die wisselaars het Hy uitgegooi en hulle tafels omgekeer. En vir die duiweverkopers het Hy gesê: Neem daardie dinge hier weg; moenie die huis van my Vader 'n handelshuis maak nie. En sy dissipels het onthou dat daar geskrywe is: Die ywer vir u huis het my verteer. (Johannes 2:14-17 AFR1953)**

Lukas beskryf die tweede tempelreininging gedurende die laaste week wat die Here Jesus in Jerusalem was:

**En toe Hy in die tempel ingegaan het, begin Hy die wat daarin verkoop en koop, uit te jaag. En Hy sê vir hulle: Daar is geskrywe: My huis is 'n huis van gebed. Maar julle het dit 'n rowerspelonk gemaak. En elke dag was Hy besig om in die tempel te leer; en die owerpriesters en die skrifgeleerdes en die vernaamstes van die volk het probeer om Hom om te bring; en hulle het niks gevind wat hulle kon doen nie, want die hele volk het Hom aangehang en na Hom geluister. (Lukas 19:45-48 AFR1953)**

Die besoekers aan die heilige stad en aan die tempel word deur die Here beskryf met die woorde: **want dit is aan die heidene gegee**

- Heidene (of honde!) is almal wat die Here nie waarlik en opreg aanbid nie.
- Die feit dat hulle in die voorhof van die tempel is en ook in die stad Jerusalem is, simboliseer dat hulle oënskynlik *kerkmense* is.

Die punt is net dat die Here met hierdie simboliek verduidelik dat hierdie mense baie nou verweef is met die ware gelowiges – hulle deel dieselfde strate van die stad en ook die een gedeelte van die tempel met mekaar.

- Maar hulle godsdienst is uiterlik – daarom kry ons hulle nie in die allerheilige nie!
- Die volle waarheid en gemeenskap met die Here ontbreek.

Die Here gee daardie deel van sy stad en sy tempel oor aan die heidene – dus: daardie deel van die kerk word wêrelds en vergaan vir ewig.

Dis skokkend dat die stad en die tempel van die Here deur die ongelowiges beheer en vertrap gaan word.

- Net die allerheilige deel van die tempel (die uitverkorenes) word beskerm teen vernietiging.
- Die verwoesting en vertrapping gaan by daardie deel van die tempel verby.

Die troos is dat hierdie spul wat die kerk en die stad gaan vertrap, niks aan die ware gelowiges kan doen nie. Vergelyk die volgende uitsprake in die Bybel:

**Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei.** (Matteus 24:24 AFR1953)

**Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei.**

(Markus 13:22 AFR1953)

**Al wat die Vader My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie. Want Ek het uit die hemel neergedaal, nie om my wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het. En dit is die wil van die Vader wat My gestuur het, dat al wat Hy My gegee het, Ek daarvan nie sal verloor nie, maar dit opwek in die laaste dag. En dit is die wil van Hom wat My gestuur het, dat elkeen wat die Seun aanskou en in Hom glo, die ewige lewe mag hê; en Ek sal hom opwek in die laaste dag.** (Johannes 6:37-40 AFR1953)

**My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My. En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie. My vader wat hulle aan My gegee het, is groter as almal; en niemand kan hulle uit die hand van my Vader ruk nie. Ek en die Vader is een.** (Johannes 10:27-30 AFR1953)

Die tyd wat die kerk gaan ly, word ook aangegee: **en hulle sal die heilige stad twee en veertig maande lank vertrap.**

Ons lees later weer van hierdie tydperk:

**En 'n mond is aan hom gegee wat groot woorde en godslasteringe uitspreek, en aan hom is mag gegee om dit twee en veertig maande lank te doen.**

(Openbaring 13:5 AFR1953)

Die vraag is: Wanneer is hierdie twee en veertig maande? Onthou dat twee en veertig maande presies so lank is soos eenduisend twee honderd en sestig dae!

Die antwoord vir hierdie vraag lê in die volgende drie teksverse:

**En Ek sal aan my twee getuies gee dat hulle, met sakke bekleed, duisend twee honderd en sestig dae lank sal profeteer.** (Openbaring 11:3 AFR1953)

**En die vrou het na die woestyn gevlug waar sy 'n plek het wat deur God gereed gemaak is, dat hulle haar daar sou onderhou duisend twee honderd en sestig dae lank.** (Openbaring 12:6 AFR1953)

**En 'n mond is aan hom gegee wat groot woorde en godslasteringe uitspreek, en aan hom is mag gegee om dit twee en veertig maande lank te doen.**  
(Openbaring 13:5 AFR1953)

Die drie verse openbaar dat hierdie tydperk die tyd is van die Here Jesus se geboorte af tot met die wederkoms!

Twee en veertig maande lyk nie na 'n lang tyd as dit met ons goed gaan nie – maar as ons vertrap (gemartel en doodgemaak) word vir twee en veertig maande, is dit 'n baie lang tyd!

### **Vers 3**

**En Ek sal aan my twee getuies gee dat hulle, met sakke bekleed, duisend twee honderd en sestig dae lank sal profeteer.** (Openbaring 11:3 AFR1953)

Die woordjie **en** dui aan dat die twee getuies nie 'n nuwe gesig is wat nou begin nie.

- Die Here gaan met dieselfde gesig as in vers 1 en 2 verder.
- Die Here openbaar hoe sy hele kerk se geskiedenis ten opsigte van Woordverkondiging (getuienis gee) verloop tot op die laaste dag.
- Hierdie vers openbaar hoe die verhouding tussen die wêreld en die bediening in die kerk sal wees – en hoe die bedienaars dit gaan beleef.

Alle getuies van wie ons in die Bybel lees, was nie regverdige en goeie getuies nie. Daar was baie slegtes onder hulle – selfs getuies wat in die Naam van die Here opgetree het, en dan hartlik gelieg het in hulle valsheid!

Dink hier maar net aan die volgende:

**En alhoewel daar baie valse getuies gekom het, het hulle niks gevind nie.** (Matteus 26:60 AFR1953)

**Maar oplaas kom daar twee valse getuies en sê: Hierdie man het gesê: Ek kan die tempel van God afbreek en dit in drie dae opbou.** (Matteus 26:61 AFR1953)

**Toe verskeur die hoëpriester sy klere en sê: Hy het godslasterlik gespreek, wat het ons nog getuies nodig? Kyk, nou het julle sy godslastering gehoor!**  
(Matteus 26:65 AFR1953)

Die getuies van wie Openbaring 11:3 praat, is in 'n heeltemal ander kategorie. Hulle is eerlik en hulle is werklik deur die Here geroep.

Die Here Jesus gee aan hierdie getuies van Hom die mag en die geleentheid om te kan optree.

- Hy laat hulle ook optree.
- Hy laat hulle ook profeteer.

Vergelyk hiervoor die volgende Bybelgedeeltes:

**Ek ken jou werke en die plek waar jy woon, waar die troon van die Satan is. En jy hou vas aan my Naam en het die geloof in My nie verloën nie, selfs in die dae waarin Antipas my getroue getuie was, wat gedood is by julle waar die Satan woon.** (Openbaring 2:13 AFR1953)

**En ek het die vrou gesien, dronk van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus, en ek het my uitermate verwonder toe ek haar sien. (Openbaring 17:6 AFR1953)**

**. . . maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde. (Handelinge 1:8 AFR1953)**

**En julle getuig ook, omdat julle van die begin af met My is. (Johannes 15:27 AFR1953)**

Wanneer hulle getuig, preek hulle.

- Hulle verkondig die Woord van God.
- Hulle dra die evangelie van die Here Jesus uit.

Hulle dra nie net die Woord van God met die mond uit nie – hulle doen dit ook simbolies met hulle kleredrag. Hulle dra sakke – dit beteken hulle doen boeteprediking.

**En toe Agab hierdie woorde hoor, het hy sy klere geskeur en 'n roukleed om sy lyf gebind en gevas; hy het ook met die roukleed geslaap en stadig rondgeloop. (1 Konings 21:27 AFR1953)**

**En ek het my aangesig tot die Here God gerig om met vas, en in roukleed en as, my aan gebed en smeking te wy. (Dan 9:3 AFR1953)**

**Weeklaag soos 'n jonkvrou wat oor die bruidegom van haar jeug met 'n roukleed omgord is. (Joël 1:8 AFR1953)**

**En Ek verander julle feeste in rou en al julle liedere in klaagsang, en Ek bring op alle lendene 'n roukleed en op alle hoofde kaalheid. En Ek maak dit soos by die rou oor 'n enigste kind en die einde daarvan soos 'n bittere dag. (Amos 8:10 AFR1953)**

**Wee jou, Górasin, wee jou, Betsáida! want as in Tirus en Sidon die kragtige dade plaasgevind het wat in julle plaasgevind het, sou hulle hul lankal in sak en as bekeer het. (Matteus 11:21 AFR1953)**

Die feit dat die Here openbaar dat sy getuies sakke dra, beteken die volgende:

- Hulle rou oor die sonde van die mense aan wie hulle die evangelie verkondig.
- Met hulle kleredrag roep hulle hulle toehoorders op tot bekering.
- Dit beteken ook nog dat hulle nie in die luukshede van die wêreld deel nie.

Die Here openbaar in die boek Openbaring dat sy diensknegte 1 260 dae lank getuie is van die Here se verlossingsraad gee.

- Dit is presies so lank as wat die heidene die heilige stad en die tempel vertrap!
- Daarmee openbaar die Here dat hierdie profesie baie lank sal aanhou – en dat daar vir baie lank bitter min vrug op hulle prediking sal wees!
- In die tyd sal die getuies uiteindelik die hele wêreld teen hulle hê.

Die Here bedoel in hierdie openbaring nie net twee spesifieke persone as sy getuies nie.

- As die tydperk wat hulle prediking gaan aanhou, in berekening gebring word, bedoel hierdie getal 2 dat dit simbolies is van alle ware Woordverkondigers wat daar op ons aarde was, is en sal wees.
- Twee (2) is ook die getal van die mens (2 mense: Adam en Eva). Dit beteken dat die Here uit die mensdom genoeg predikers vir sy gemeente voorsien het.



## Vers 4

**Hulle is die twee olyfbome en die twee kandelaars wat voor die God van die aarde staan.**  
(Openbaring 11:4 AFR1953)

Die Here gee nou 'n nadere verklaring of beskrywing van die twee getuies.

- Die Here openbaar niks van hulle persoon nie.
- Hy verklaar die aard van die werk wat hulle doen, met ander woorde Hy verklaar wat die betekenis van hulle optrede is.

Vergelyk hier die naggestig van Sagaria:

**En hy het vir my gesê: Wat sien jy? Toe antwoord ek: Ek sien daar 'n kandelaar, heeltemal van goud, en sy oliekan bo-oor hom en sy sewe lampe op hom; telkens sewe aanvoerpype loop na die lampe wat bo-oor hom is. Ook twee olyfbome langs hom, een aan die regterkant van die oliekan en een aan die linkerkant daarvan. Daarop het ek begin spreek en aan die engel wat met my gespreek het, gesê: Wat beteken dit, my heer? (Sagaria 4:2-4 AFR1953)**

Die profeet Sagaria het twee olyfbome gesien wat langs die kandelaar staan.

- Van hulle af het daar olie in die lampe van die kandelaar ingevloei, sodat die lampe aanmekaar kon bly brand.
- Daarmee word die ware ampsdraers geteken wat die kerk van die Here met die evangelie bedien, sodat die Kerk die lig van die Here kan bly uitstraal.

Ons kry sterk elemente van hierdie openbaring ook in die volgende Bybelgedeeltes:

**Julle is die lig van die wêreld. 'n Stad wat bo-op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie; en 'n mens steek ook nie 'n lamp op en sit dit onder die maatemmer nie, maar op die staander, en dit skyn vir almal wat in die huis is. Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik. (Matteus 5:14-16 AFR1953)**

**sodat julle onberispelik en opreg kan wees, kinders van God sonder gebrek te midde van 'n krom en verdraaide geslag onder wie julle skyn soos ligte in die wêreld, deurdat julle die woord van die lewe vashou, my tot 'n roem teen die dag van Christus, dat ek nie verniet geloop of verniet gearbei het nie. (Filippense 2:15-16 AFR1953)**

*Die beeld van die kandelaar en van die olyfboom se raakpunt is dat al twee die Here se gemeente met sy Woord bedien, sodat God se lig in die gemeente kan skyn.*

- *In Openbaring 11:1 vloei die twee beelde ineen:*
  - *Die predikers is die twee olyfbome,*
  - *maar die predikers is ook die twee kandelare!*

**. . . wat voor die God van die aarde staan.**

Let op die volgende dinge wat baie belangrik is:

- Die olyfbome en die kandelare staan voor die Here.
- Hulle verrig hulle diens oor die hele aarde.
- Hulle werk dus onder die toesig en beskerming van die Here.

## Vers 5

**En as iemand hulle wil beskadig, gaan daar vuur uit hulle mond en verslind hulle vyande; en as iemand hulle wil beskadig, moet hy op dieselfde manier gedood word.** (Openbaring 11:5 AFR1953)

Die gedeelte openbaar in die eerste plek baie duidelik dat die mense wat die evangelie bedien, beslis teenspoed gaan kry – daar is geen twyfel oor nie.

- Hulle gaan baie fel aangeval en bestry word.
- Die veronderstelling is seker dat dit al erger sal word soos wat die tyd na die wederkoms toe al hoe korter word.

Die Here maak dit duidelik dat daar uit die wêreldmense 'n verset teen God en sy koninkryk gaan kom.

Die woorde: **En as iemand hulle wil beskadig** – maak tog die saak baie duidelik: Daar gaan mense wees wat die predikers van die evangelie wil beskadig.

- Omdat God self buite hulle bereik is, gaan daardie mag (mense) diegene aanval wat in die Here se diens staan.
- Kyk byvoorbeeld na die volgende gedeeltes waarin die geloofsverdrukking oor die algemeen baie duidelik geopenbaar word:

**Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Die wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade ly nie.**

(Openbaring 2:11 AFR1953)

**En ek het 'n stem tussen die vier lewende wesens hoor sê: 'n Rantsoen koring vir 'n penning en drie rantsoene gars vir 'n penning; en moenie die olie en die wyn beskadig nie.** (Openbaring 6:6 AFR1953)

**En ek het 'n ander engel sien opkom van die opgang van die son, met die seël van die lewende God; en hy het met 'n groot stem geroep na die vier engele aan wie dit gegee is om die aarde en die see te beskadig**

(Openbaring 7:2 AFR1953)

**Want daardie dae sal daar 'n verdrukking wees soos daar nie gewees het van die begin van die skepping af wat God geskape het tot nou toe, en ook nooit sal wees nie. En as die Here dié dae nie verkort het nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes wat Hy uitverkies het, het Hy dié dae verkort. En as iemand dán vir julle sê: Kyk, hier is die Christus! of: Kyk, daar! —moet dit nie glo nie.** (Markus 13:19-21 AFR1953)

Die woorde **wil beskadig** is inderdaad ernstige woorde. Dit beteken:

- Die draers van die evangelie gaan skade berokken word.
- Hulle gaan vernietig word.
- Hulle gaan doodgemaak word.

*Daarmee saam beteken dit dat die kerk van die Here ook skade aangedoen gaan word – met as hoofdoel die uiteindelijke totale vernietiging van die kerk van die Here.*

Die woord **wil** word in hierdie gedeelte in twee betekenisse gebruik:

- In die eerste betekenis dui dit op 'n vasbeslote en besliste voorneme/soeke.
- In die tweede plek dui dit bloot op 'n wens/begeerte.

Die vervolgers het dus 'n begeerte wat hulle ten alle koste kan uitvoer.

Die Here openbaar dat hierdie voornemens van die vyande van die evangelieverkondigers nie in hulle doel gaan slaag nie.

**. . . gaan daar vuur uit hulle mond en verslind hulle vyande;**

Ons het 'n voorbeeld hiervan in die optrede van Elia:

**En hy het 'n owerste van vyftig met sy vyftig na hom gestuur. En toe hy na hom opklim, terwyl hy juis op die top van die berg sit, sê hy vir hom: Man van God, die koning spreek: Kom af! Toe antwoord Elía en sê aan die owerste oor vyftig: As ek dan 'n man van God is, mag daar vuur van die hemel neerdaal en jou en jou vyftig verteer! En daar het vuur van die hemel neergedaal en hom met sy vyftig verteer. En hy het weer 'n ander owerste oor vyftig met sy vyftig na hom gestuur; en die het begin spreek en vir hom gesê: Man van God, so sê die koning: Kom gou af! Daarop antwoord Elía en sê vir hulle: As ek 'n man van God is, mag daar vuur van die hemel neerdaal en jou en jou vyftig verteer! En daar het die vuur van God uit die hemel neergedaal en hom met sy vyftig verteer.**

(2 Konings 1:9-12 AFR1953)

Elia het net iets gesê en toe het daar vuur uit die hemel afgekom en elke keer die bevelvoerder en sy weermag verteer.

- Wat die Here openbaar is dat die getuies hulleself kan verdedig – en dat daar voorbeelde daarvan in die geskiedenis is.
- Ware evangeliste kan hulle op die Here beroep en dan sal daar vuur uit die hemel kom wat die vervolgers van die evangelie vernietig!
- Die Here beskuldig nie net die wat Hom vervolg nie. Hy maak hulle dood.

*Vraag: Is die vuur wat hierdie mense doodgebrand het, al 'n voorspel van die hel?*

Die beginsel wat agter hierdie vervolging lê, is dat dit die vervolgers se hoofdoel is om die hele kerk van die Here van die aarde af uit te roei.

- Om die predikers (ampsdraers) uit te roei, is maar net die punt van die ysberg (ore van die seekoei!).
- Die mikpunt is om alle spore van die evangelie van verlossing weg te vee asof die Here Jesus nooit daar was nie, en asof Hy geen versoening en verlossing bewerk het nie.

**Vuur** hoef nie elke keer letterlik net vlamme en vuur te wees nie.

- Vuur is die beeld/simbool van enige soort ramp wat die Here oor hierdie mense kan beskik.
- Die openbaring van die Here is dus dat die aanval van die vervolgers op hulleself boemerang en hulle laat oorkom wat hulle vir die kerk bestel het – vernietiging.

Die woorde: **moet hy op dieselfde manier gedood word** dui natuurlik op die reg van God.

- Die klem val op die woord **moet!**
- Daar is nie 'n ander uitkoms nie. Dit is wat God beskik: dit **moet** so wees.

Daar is 'n noodwendigheid/noodsaaklikheid in die uitkoms van daardie vervolgers se optrede – 'n onafwendbaarheid wat in God se Raad vasgelê is.

Die vervolgers van ons wat die evangelie dra, loop hulle uiteindelik self in die geweldige oordeel van God vas.

## Vers 6

**Hulle het mag om die hemel te sluit, sodat daar in die dae van hulle profesie geen reën val nie; en hulle het mag oor die waters, om dit in bloed te verander en om die aarde te tref met allerhande plaë so dikwels as hulle wil. (Openbaring 11:6 AFR1953)**

Hierdie vers verwys na die soort mag wat Elia en Moses gehad het. Kyk na die volgende twee Bybelgedeeltes:

**En Elía, die Tisbiet, uit Tisbe in Gílead, het vir Agab gesê: So waar as die HERE, die God van Israel, leef, voor wie se aangesig ek staan, daar sal geen dou of reën in hierdie jare wees nie, behalwe op my woord! (1 Konings 17:1 AFR1953)**

**Moses en Aäron het toe so gedoen soos die HERE beveel het—hy het die staf opgehef en die water wat in die Nyl was, geslaan voor die oë van Farao en voor die oë van sy dienaars; en al die water in die Nyl is in bloed verander.**

(Eksodus 7:20 AFR1953)

Hierdie selfde soort van mag het die Nuwe-Testamentiese kerke ook!

- Daar is geen aanduiding in die Bybel dat die Nuwe-Testamentiese gelowiges nie dieselfde mag het as wat die Ou-Testamentiese gelowiges gehad het nie!
- In die eerste plek raak hierdie saak ons gewone geloofslewe en geloofswerke. Daar word nie spesiale mense uitgesonder nie. Dit geld alle gelowiges:

**Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo—die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan. (Johannes 14:12 AFR1953)**

**As julle iets in my Naam vra, sal Ek dit doen. (Johannes 14:14 AFR1953)**

**Maar Jesus antwoord en sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle, as julle geloof het en nie twyfel nie, sal julle nie alleen doen wat met die vyeboom gebeur het nie; maar al sê julle ook vir hierdie berg: Hef jou op en werp jou in die see—sal dit gebeur. (Matteus 21:21 AFR1953)**

**En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek, slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word. (Markus 16:17-18 AFR1953)**

- In die tweede plek is daar verseker eise van die Here se kant af voordat ons hierdie magte het. Ons moet byvoorbeeld baie getrou wees in die manier waarop ons aan die Here gehoorsaam is:

**As julle in My bly en my woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry. (Johannes 15:7 AFR1953)**

**En Ek is nie meer in die wêreld nie, maar hulle is in die wêreld; en Ek kom na U toe. Heilige Vader, bewaar in u Naam die wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees net soos Ons. (Johannes 17:11 AFR1953)**

**. . . soos U Hom mag oor alle vlees gegee het, sodat Hy aan almal wat U Hom gegee het, die ewige lewe kan gee. En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het. Ek het U verheerlik op die aarde. Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring. En nou, Vader, verheerlik My by Uself met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was. Ek het u Naam geopenbaar aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het. Hulle het aan U behoort, en U het hulle aan My gegee, en hulle het u woord bewaar. Nou weet hulle dat alles wat U My gegee het, van U kom. Want die woorde wat U My gegee het, het Ek aan hulle gegee; en hulle het dit ontvang en waarlik erken dat Ek van U uitgegaan het, en hulle het geglo dat U My gestuur het. Ek bid vir hulle; Ek bid nie vir die wêreld nie, maar vir die**

wat U My gegee het, omdat hulle aan U behoort. En alles wat myne is, is uwe; en wat uwe is, is myne; en Ek is in hulle verheerlik. En Ek is nie meer in die wêreld nie, maar hulle is in die wêreld; en Ek kom na U toe. Heilige Vader, bewaar in u Naam die wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees net soos Ons. Toe Ek saam met hulle in die wêreld was, het Ek hulle in u Naam bewaar. Oor die wat U My gegee het, het Ek gewaak; en nie een van hulle het verlore gegaan nie, behalwe die seun van die verderf, sodat die Skrif vervul sou word. Maar nou kom Ek na U toe; en Ek spreek hierdie dinge in die wêreld, sodat hulle my blydschap volkome in hulle kan hê. Ek het hulle u woord gegee, en die wêreld het hulle gehaat, omdat hulle nie van die wêreld is nie, net soos Ek nie van die wêreld is nie. Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose bewaar. Hulle is nie van die wêreld nie, net soos Ek nie van die wêreld is nie. Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid. Soos U my gestuur het in die wêreld, het Ek ook hulle in die wêreld gestuur. En Ek heilig Myself vir hulle, sodat hulle ook in waarheid geheilig kan wees. Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo— dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het. En Ek het hulle die heerlikheid gegee wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is. Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees; en dat die wêreld kan weet dat U My gestuur het, en hulle liefgehad het net soos U My liefgehad het. (Johannes 17:2-23 AFR1953)

**Want wat my betref, het ek, liggaamlik afwesig maar in die gees teenwoordig, alreeds besluit asof ek teenwoordig was, om hom wat so iets gedoen het, in die Naam van onse Here Jesus Christus, as julle vergader het en my gees saam met die krag van onse Here Jesus Christus— om so iemand aan die Satan oor te lewer tot verderf van die vlees, sodat die gees gered kan word in die dag van die Here Jesus. (1 Korintiërs 5:3-5 AFR1953)**

- In die derde plek raak dit ook die getrouheid van die ampsdraers in die Here se kerk:

**En Hy het sy twaalf dissipels na Hom geroep en aan hulle mag gegee oor onreine geeste, om hulle uit te dryf en om elke siekte en elke kwaal te genees. (Matteus 10:1 AFR1953)**

**Voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle op die aarde bind, sal in die hemel gebonde wees; en alles wat julle op die aarde ontbind, sal in die hemel ontbonde wees. Weer sê Ek vir julle: As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemele is. (Matteus 18:18-19 AFR1953)**

**Jesus sê toe weer vir hulle: Vrede vir julle! Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook. En nadat Hy dit gesê het, blaas Hy op hulle en sê vir hulle: Ontvang die Heilige Gees. As julle die mense hulle sondes vergewe, dan word dit hulle vergewe; as julle die mense hulle sondes hou, dan is dit gehou. (Johannes 20:21-23 AFR1953)**

*Dit is nie so dat hier van willekeur sprake is nie, met ander woorde dat iemand hierdie magte vir hom kan toe-eien terwyl hy geen reg het om dit te doen nie! Die oomblik wanneer 'n gelowige ontrou raak, is hy magteloos!*

Let op dat dinge soos om die hemel te kan toesluit vir reën en om vuur uit die hemel te kan laat afkom om mense te verbrand 'n geweldige oordeelsdaad is –

- en tog gee die Here ware opregte gelowiges daardie mag.
- Hy weet hulle gaan dit nooit misbruik nie.
- Dit sal net aangewend word tot eer van God en tot welsyn van sy koninkryk.

'n Verdere saak om op te let is dat die Here nie hierdie magte net vir 'n kort tydjie – wat al verbygegaan het – aan sy kerk/gelowiges gegee het nie.

- Hy het dit ook nie net vir sekere persone gegee nie (of gee dit nog steeds net vir sekere persone nie).
- Die Here openbaar in hierdie Bybelgedeelte dat sy getuies hierdie magte besit vir die volle twee-en-veertig maande (oftewel 1 260 dae).
- Die volle kerk van die Here besit hierdie magte.

*Vraag: Waarom besit ons nie meer sulke magte nie?*

*Antwoord: Die getuies van die Here is in die moderne tye tot so min in staat as gevolg van die twyfelagtigheid van hulle geloof en getrouheid aan die Here. Dis waarom. Die feit dat die moderne tyd se getuies nie meer sulke magte het nie, getuig teen hulle!*

**Maar Jesus antwoord en sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle, as julle geloof het en nie twyfel nie, sal julle nie alleen doen wat met die vyeboom gebeur het nie; maar al sê julle ook vir hierdie berg: Hef jou op enwerp jou in die see—sal dit gebeur. (Matteus 21:21 AFR1953)**

**Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo—die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan. En wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word. As julle iets in my Naam vra, sal Ek dit doen.**

(Johannes 14:12-14 AFR1953)

## **Vers 7**

**En wanneer hulle hul getuienis voleindig het, sal die dier wat uit die afgrond opkom, teen hulle oorlog voer en hulle oorwin en hulle doodmaak;**  
(Openbaring 11:7 AFR1953)

Die Here het grense vir alle dinge.

- Sodra 'n saak sy doel gedien het, beëindig die Here dit.
- Dieselfde geld die verkondiging van die evangelie. Daar kom 'n dag wanneer die Here 'n streep trek en aankondig dat dit nou genoeg was!
- So kondig die teks aan dat daar 'n dag aanbreek wanneer die getuies van die Here hulle werk klaar gedoen het! Hulle werk is voleindig.

Die getuies is die kerk van die Here op die aarde, evangelieverkondigers, kerklike ampsdraers – elke gelowige wat getuig van die evangelie van die Here Jesus Christus.

Die groot probleem is dat daar 'n tyd gaan kom wanneer die Here se geduld en sy tyd opraak.

- Ons lees in vers 7 dat daar 'n dag kom wanneer hierdie getuies se getuienis voleindig is.
- Die ampsdraers bereik 'n punt waar hulle werk afgehandel is.

Dink hier aan die woorde van die Here Jesus self:

**En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom. (Matteus 24:14 AFR1953)**

Ons eerste verwagting sou wees dat almal dan die evangelie gehoor het en tot bekering gekom het.

- Maar dit is alles behalwe die geval.
- Dan laat die Here die antichris oorneem – terwyl groot getalle mense uit die kerk hom navolg.

*Wat is die ding wat die moeilikheid veroorsaak?*

*Die antwoord is: die onbekeerlikheid van die mense.*

Die Here openbaar in die Bybel en ons sien met ons eie oë dat:

- die grootste hoeveelheid mense op die aarde (in watter land ook al!) weier om die Here Jesus aan te neem en om deur Hom gered te word.
- Hulle verwerp dus die evangelie van die Here Jesus wat aan hulle verkondig word.

Op daardie punt kom die dier uit die afgrond op en hy maak hulle dood. Die Here laat dit toe.

- Dan breek daar 'n tyd van grenslose haat teen die kerk van die Here aan.
- Die antichristelike mag oorheers dan die hele wêreldgeskiedenis.

Hoe kry die dier dit reg om die mensdom so maklik oor te neem? Die antwoord is eenvoudig: Die mense is aan sy kant!

- Omdat die Here dan sy genade terugtrek, kry hierdie dier met gemak die afvallige gelowiges en die heidene onder sy bevel.

**. . . dier wat uit die afgrond opkom . . .**

Wie is hy? Die antwoord is dat ons hom lankal al ken, want die Here het hom reeds aan ons geopenbaar.

**En toe die vyfde engel blaas, sien ek 'n ster wat uit die hemel op die aarde geval het, en aan hom is die sleutel van die put van die afgrond gegee.**

(Openbaring 9:1 AFR1953)

**En hulle het as koning oor hulle die engel van die afgrond; sy naam in Hebreeus is Abáddon, en in Grieks het hy die naam van Apóllion.**

(Openbaring 9:11 AFR1953)

Hierdie dier het geweldige magte. Die Here gee in die openbaringe wat volg baie aandag aan die bekendstelling van wie die dier is en hoe hy is, sodat ons hom kan ken en onderskei.

Ons lees onder andere in die volgende Bybelgedeeltes ook van die dier:

**Die dier wat jy gesien het, was en is nie, en sal uit die afgrond opkom en na die verderf vaar; en die bewoners van die aarde wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe geskryf is nie, sal hulle verwonder as hulle die dier sien wat was en nie is nie, alhoewel hy is.** (Openbaring 17:8 AFR1953)

**En ek het een van sy koppe gesien net of dit dodelik gewond was, en sy dodelike wond is genees. En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan gegaan.** (Openbaring 13:3 AFR1953)

**Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is. Onthou julle nie dat ek dit altyd vir julle gesê het toe ek nog by julle was nie?**

(2 Tessalonisense 2:3-5 AFR1953)

Die dier is die volle werking van die satan self!

- Hy stel homself teenoor die ware diens aan die Here.
- Daarom is dit vanselfsprekend dat alle half-gelowiges en valse Christene en ook die Christene wat hulle eie reëls maak en hulle teen God opstel, onmiddellik agter die Satan gaan inval.
- Omdat hulle die grootste in getal gaan wees, het die duiwel dadelik beheer oorgeneem.

Dit is die groot probleem wat teen die kerk veg in die laaste dae:

- Die feit dat daar so geweldig baie sogenaamde gelowiges is wat uit hulle eie wil en hulle eie gemaksug die Here wil dien.

- Dit is tog maar ten diepste afgodsdien.
- Al hoe meer dinge in die Bybel word hoe later hoe meer bevraagteken en selfs doodeenvoudig net verwerp.

*lets moet vir ons begin vertel dat daar in die voorhof van die heidene “gelowiges” (of: sogenaamde gelowiges?) is wat nie meer in die kerk van die Here inkom nie, omdat hulle die klem verskuif het van die altaar van die Here af na die eiewilligheid van die voorhof vir die heidene toe.*

**. . . teen hulle oorlog voer en hulle oorwin en hulle doodmaak . . .**

- Met al die aardse magte aan sy kant maak die dier dan al die getuies van die Here dood.
- Dan is dit met die ware kerk op die aarde verby.
- Waarom laat die Here dit toe? Omdat die getuies se werk dan al afgehandel is.

Waar pas die gelowiges dan in? Die Bybel leer ons hier dat daar dan so min gelowiges is wat nog op die regte spoor sal wees dat die Here ter wille van hulle die dae verkort.

*Die hele wêreld gaan bly wees omdat die kerk en sy getuies uiteindelik uit die pad gaan wees. Die pyn wat die kerk veroorsaak wanneer hy mense se gewetens wakkermaak oor hulle sondes is dan uit die pad uit.*

**Vers 8**

**en hulle lyke sal lê op die straat van die groot stad wat geestelik genoem word Sodom en Egipte, waar ook onse Here gekruisig is.** (Openbaring 11:8 AFR1953)

Dit blyk dat daar in hierdie woeste tye nog ware gelowiges gaan wees!

**Kyk, ek deel julle ’n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word,** (1 Korintiërs 15:51 AFR1953)

**Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie.** (1 Tessalonisense 4:15 AFR1953)

Maar al die kerklike organisasie en kerklike strukture sal vernietig wees. . . . **hulle lyke sal lê op die straat . . .** beteken nie net dooie menslike liggame wat op die strate rondlê nie – dit ook!

- Die uitdrukking dui ook op al die ruïnes van kerkgeboue of watter strukture daar ook al van plekke van aanbidding sou kon wees.
- Dit verwys na die leweloosheid wat agtergebly het waar daar eertyds aanbidders en aanbidding was.

Kan jy jou ’n kerk indink waar daar geen prediking meer plaasvind nie!? Want dis waarop alles afstuur. Die ope vraag is of daar nie vandag alreeds sulke kerke is nie?

Die **groot stad** waarna die Bybel hier verwys, is die sentrum van die antichristelike mag.

**en op haar voorhoof was ’n naam geskrywe: Verborgenheid, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde.**

(Openbaring 17:5 AFR1953)

**En ’n ander engel het gevolg en gesê: Geval, geval het Babilon, die groot stad, omdat sy al die nasies laat drink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery.** (Openbaring 14:8 AFR1953)

Die Bybel verwys met die woorde Sodom en Egipte terug na die Ou Testament.



- Dit verwys na die tipe mense wat in daardie plekke gebly het en wat hulle gedoen het – hulle lewenstyl en hulle sondes!
- Sodom is die simbool van homoseksualiste en hulle sondes – vandaar die woord **sodomie!**
- Egipte is die simbool van die hel en verslaafdheid aan en deur die sonde.

Vergelyk die openbaring aan Johannes met die volgende aanhalings uit die Ou Testament.

**En die twee engele het in die aand in Sodom aangekom, terwyl Lot in die poort van Sodom sit; en toe Lot hulle sien, het hy opgestaan om hulle tegemoet te gaan en hom gebuig met die aangesig na die aarde toe en gesê: Kyk tog, my here, draai tog uit na die huis van u dienaar en bly die nag oor en was u voete; dan kan u vroeg opstaan en u reis voortsit. Maar hulle antwoord: Nee, ons sal op die plein vernag. Maar hy het baie by hulle aangehou, sodat hulle na hom uitgedraai en in sy huis gekom het. En hy het vir hulle 'n maaltyd berei en ongesuurde koeke gebak, en hulle het geëet. Hulle het nog nie gaan slaap nie toe die manne van die stad, die manne van Sodom, die huis omsingel: jonk en oud, die hele bevolking, almal saam. En hulle het na Lot geroep en aan hom gesê: Waar is die manne wat vannag na jou gekom het? Bring hulle na ons toe uit, dat ons hulle kan beken. (Genesis 19:1-5 AFR1953)**

**Hoor die woord van die HERE, owerstes van Sodom! Luister na die wet van onse God, volk van Gomorra! (Jesaja 1:10 AFR1953)**

Die mense wat uiteindelik losbreek van die kerk van die Here – en wat verantwoordelik is vir die vernietiging van die kerk van die Here, is kenbaar:

- Dis mense met vuil sedes en afskuwelike lewenswaardes (Sodom).
- Hulle is verdrukkers van die ware gelowiges. Hulle maak van die ware gelowiges hulle slawe (Egipte).

**Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het. (Eksodus 20:2 AFR1953)**

**Daarom, so sê die Here HERE van die leërskaar: o My volk wat in Sion woon, wees nie bevrees vir Assur wat jou met die staf slaan en sy stok teen jou ophef op die manier van Egipte nie. (Jesaja 10:24 AFR1953)**

## **Vers 9**

**En mense uit die volke en stamme en tale en nasies sal hulle lyke drie en 'n halwe dag lank sien en nie toelaat dat hulle lyke in die graf gelê word nie.**

(Openbaring 11:9 AFR1953)

Hierdie vers maak dit duidelik dat ons aan 'n wêreldstad moet dink wat die middelpunt van die hele ryk van die antichris gaan uitmaak.

Die woorde **mense uit die volke en stamme en tale en nasies** maak dit duidelik.

- Dit openbaar dat die hele mensheid betrokke is by die dinge wat in hierdie wêreldstad (hoofstad) gebeur.
- Die volle spektrum van die mensdom sien die lyke rondlê en is almal eens dat hierdie mense nie begrawe mag word nie.

*Vraag:* Waarom weier hulle dat die evangelieverkondigers begrawe word?

*Antwoord:* Hulle is bly die Woordverkondigers is dood en uit hulle pad uit. Hulle laat hulle sonder enige respek in die strate rondlê om daarmee hulle wroeging en haat tot uiting te bring.

Die vermoording van die getuies van die Here vul die hele wêreld met blydskap en vreugde by alle volke, nasies en tale!

**. . . sal hulle lyke drie en 'n halwe dag lank . . .**

Die dooie getuies lê drie en 'n halwe dag lank op die strate rond.

- Daarna staan die getuies uit die dood op!
- Let op dat hierdie getuies dus nooit begrawe was nie!

**En ná die drie en 'n halwe dag het 'n gees van die lewe uit God in hulle ingegaan, en hulle het op hul voete gaan staan, en 'n groot vrees het geval op die wat hulle aanskou het.** (Openbaring 11:11 AFR1953)

Die drie en 'n halwe dag verwys na vers 3:

**En Ek sal aan my twee getuies gee dat hulle, met sakke bekleed, duisend twee honderd en sestig dae lank sal profeteer.** (Openbaring 11:3 AFR1953)

Die halwe dag beteken dat God ingryp en die klomp moordenaars se verderflike planne stopsit. Dit is die vervulling van dit wat die Here Jesus self reeds tydens sy lewe op aarde geprofeteer het:

**En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word.**

(Matteus 24:22 AFR1953)

Die Heilige Gees gebruik juis die woord **lyke** in die meervoudsvorm (nie dualis nie = twee getuies!). Daar is 'n rede voor:

- Om daarmee alle oorblyfsels of reste van die vroeëre kerklike lewe of kerklike werksaamheid aan te toon.
- Die dooies word nie begrawe nie.
  - Die kerk in al sy vorms word vernietig.
  - Die oorblyfsels word sonder respek/met oneerbiedigheid as landtekens gelaat om te getuig dat die kerk uiteindelik suksesvol uitgeroei is.

Daarom word die lyke nie begrawe nie. Die simboliek is duidelik:

- Die dier en sy aanhangers (die hele wêreld!) wys daarmee dat hulle geen eerbied of respek vir die Here het nie.
- Hulle mis ook nie die Here en sy reëls vir die lewe nie!
- Hulle vertoon skaamteloos die felheid van hulle haat teen God en elke gelowige.

## **Vers 10**

**Die bewoners van die aarde sal bly en verheug wees oor hulle en sal vir mekaar geskenke stuur, omdat dié twee profete die bewoners van die aarde gepynig het.** (Openbaring 11:10 AFR1953)

NB Niemand huil nie!

Daar is algemene en totale blydskap omdat die getuies van die Here doodgemaak (vermoor) is.

- Die mense sal so bly wees dat hulle sal feesvier en vir mekaar geskenke gee!
- Dit teken die sielsingesteldheid van daardie mense:
  - Daar is nie meer 'n geestelike (spirituele) verbintenis met die Here nie.
  - Hulle belange is ingebed in aardse plesier en sedeloosheid.
  - Daar is dus ook geen hemelse gerigtheid nie.

Die Here Jesus se profesie was:

**Ek sê vir julle dat Hy gou aan hulle reg sal doen; maar as die Seun van die mens kom, sal Hy wel die geloof op die aarde vind?** (Lukas 18:8 AFR1953)

Dis die vraag: **sal Hy wel die geloof op die aarde vind?**

Die skokkende is dat hierdie mense werklik sonder berou sal wees omdat hulle die kerkleiers uitgemeor het en die Christendom uitgeroei het. Daar gaan ongekende vreugde wees oor letterlik elke faset van die kerk van die Here wat vernietig is!

Watter soort mense is dit?!

Waarvoor moet ons oppas? Hierdie gedeelte se beginsels is die volgende:

- Mense voel deur God bedreig omdat en wanneer hulle nie tot bekering wil kom nie.
- Daar fout is wanneer ons gebelg en beledig is wanneer die Here op ons gewetes appèlleer.
- Daar is groot fout met iemand wat die oproep van God se Woord om tot bekering te kom, met aggressie verwerp. Vergelyk hiervoor onder andere:

**Maar toe hy spreek oor geregtigheid en selfbeheersing en die toekomstige oordeel, het Felix baie bang geword en geantwoord: Gaan vir hierdie keer heen, en as ek 'n geleentheid vind, sal ek jou laat roep.**

(Handelinge 24:25 AFR1953)

Daar heers ellendes wanneer al die getuies doodgemaak word – dan is daar niemand meer wat aan hierdie verhardes die evangelie van verlossing en bekering kan preek nie.

## Vers 11

**En ná die drie en 'n halwe dag het 'n gees van die lewe uit God in hulle ingegaan, en hulle het op hul voete gaan staan, en 'n groot vrees het geval op die wat hulle aanskou het.** (Openbaring 11:11 AFR1953)

Na drie en 'n halwe dag het God sy Woordverkondigers weer opgewek.

- Dit gebeur wanneer God die gees van lewe in die dooies laat ingaan.
- Ons lees die eerste keer hiervan wanneer die Here Adam skape:

**En die HERE God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword.** (Genesis 2:7 AFR1953)

Die woord *lewe* is dieselfde as *gees/asem*.

Dis nie vreemd dat die dooie mense kan opstaan en liggaamlik ook volledig herskep word in 'n volledige weermag vir die Here nie. Die Here het dit al aan Esegël geopenbaar:

**Daarop sê Hy vir my: Profeteer oor hierdie bene en sê vir hulle: Dor bene, hoor die woord van die HERE! So spreek die Here HERE tot hierdie bene: Kyk, Ek bring gees in julle in, sodat julle lewendig kan word. En Ek sal senings op julle lê en vlees oor julle laat opkom en 'n vel oor julle trek en gees in julle gee, sodat julle lewendig kan word; en julle sal weet dat Ek die HERE is. Toe het ek geprofeteer soos my beveel was. En sodra ek geprofeteer het, was daar 'n geruis, en kyk—'n beroering! En die bene het nader gekom, elke been na sy been. Toe kyk ek en—daar was senings op hulle, en daar het vlees op gekom, en 'n vel is bo-oor hulle getrek, maar daar was geen gees in hulle nie. Daarop sê Hy vir my: Profeteer tot die gees, profeteer, mensekind, en sê aan die gees: So spreek die Here HERE: Kom aan uit die vier windstreke, o gees, en blaas in hierdie dooies, dat hulle lewendig kan word. En ek het**

**geprofeteer soos Hy my beveel het. Toe het die gees in hulle gekom, en hulle het lewendig geword en op hulle voete gaan staan—'n ontsaglike groot leër!** (Esegiël 37:4-10 AFR1953)

Die punt van die gesig wat Esegiël sien en dit wat die Here aan Johannes openbaar, is dat hierdie mense volledig as mense daar staan – volkome herstel en kragtig!

Hierdie twee openbarings (onder andere!) is aankondigings van die Here dat die gelowiges aan die einde van die tyd waarlik uit die dood gaan opstaan – met liggaam en siel herenig.

Vergelyk hiervoor ook 1 Tessalonisense 4:16:

**Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.** (1 Tessalonisense 4:16 AFR1953)

NB: Dis nie net enkele gelowiges wat opstaan nie – almal staan op! Daar bly nie een enkele een agter of vergete nie!

Dan kom die eindoordeel.

Die apostel Johannes sien: **'n groot vrees het geval op die wat hulle aanskou het.**

Dis vanselfsprekend! Die mense wat die dooies sien lê het op die strate, is ook dieselfde mense wat hulle nie begrawe het nie!

- Hulle was inderdaad die mense wat hulle gebrek aan respek teenoor die vermoorde Woordverkondigers gewys het.
- Hulle was waarskynlik ook diegene wat deelgeneem het aan die doodmaak en uitroeiproces!

Waarom is hulle so verskriklik bang?

- Omdat hulle dink die mense wat uit die dood opgestaan het, gaan nou wraak neem!
- Hulle vrees is dat die gelowiges dieselfde wreedheid en duiwelstreke as hulle gaan uithaal!
- Hulle kan nie anders dink nie, want hulle ken God nie – daarom ook nie sy genade en liefde nie. Al wat hulle geken en gesoek het tydens hulle lewe was die werke en lewenstyl van die duiwel.

## **Vers 12**

**En hulle het 'n groot stem uit die hemel vir hulle hoor sê: Kom op hierheen! En hulle het opgevaar na die hemel in die wolk, en hul vyande het hulle aanskou.**

(Openbaring 11:12 AFR1953)

Daar gebeur presies die teenoorgestelde ding as wat die mense wat so angsbevange is, verwag.

'n Groot (harde) stem uit die hemel kondig aan dat die gelowiges wat opgewek is, opgeneem word in die hemel. Vergelyk die volgende uitsprake in die Bybel:

**Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.** (1 Tessalonisense 4:16-17 AFR1953)

**Want aangesien die dood deur 'n mens is, is die opstanding van die dode ook deur 'n mens. Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend**

**gemaak word; maar elkeen in sy eie orde: as eersteling Christus, daarna die wat aan Christus behoort by sy koms.**

(1 Korintiërs 15:21-23 AFR1953)

Hoekom word die mense in die hemel opgeneem?

- Omdat God met sy uitverkorenes doen wat Hy met sy Seun gedoen het.
- Die Here Jesus het dan juis vir ons gesterf sodat ons Hom in sy opstanding en hemelvaart kan volg!

**Nadat die Here dan met hulle gesprek het, is Hy opgeneem in die hemel en het gaan sit aan die regterhand van God.** (Markus 16:19 AFR1953)

**En terwyl Hy hulle seën, het Hy van hulle geskei en is in die hemel opgeneem.** (Lukas 24:51 AFR1953)

**En nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien; en 'n wolk het Hom voor hulle oë weggeneem.** (Handelinge 1:9 AFR1953)

**En, onteenseglik, die verborgenheid van die godsaligheid is groot: God is geopenbaar in die vlees, is geregverdig in die Gees, het verskyn aan engele, is verkondig onder die heidene, is geglo in die wêreld, is opgeneem in heerlijkheid.** (1 Timoteus 3:16 AFR1953)

Ons ken die spesifieke optrede van die Here van baie vroeg in die geskiedenis af. Dink maar net aan Henog!

**En Henog het met God gewandel; en hy was daar nie meer nie, want God het hom weggeneem.** (Genesis 5:24 AFR1953)

Die hemelvaart is nie in die geheim gedoen nie. Almal het geweet waar is Henog heen! Vergelyk dit gerus met die hemelvaart van Elia:

**En terwyl hulle aldeur loop en spreek, kom daar meteens 'n wa van vuur met perde van vuur wat skeiding tussen hulle twee maak; en Elía het in die storm na die hemel opgevaar. En Elísa het dit gesien en geroep: My vader, my vader, wa van Israel en sy ruiters! En toe hy hom nie meer sien nie, het hy sy klere gegryp en dit in twee stukke geskeur.** (2 Konings 2:11-12 AFR1953)

Let wel:

- Terug by die openbaring aan Johannes: Dis juis die Een aan Wie die groot stem behoort, wat deur die mense op die aarde ontken is.
- God roep sy opgestane heiliges na Hom toe – maar nie die klomp ongeregtiges nie! Hulle sien die skeiding wat God tussen die mense aanbring – en hoe hulle agterbly!
- Daarom verdiep hulle vrees – hulle verstaan meteens hulle eie swakheid en nietigheid teenoor die Een wat hulle gedink het dat hulle Hom volkome verslaan en uitgeroei het.

**En 'n ander engel het uitgekome uit die tempel wat in die hemel is, en hy het ook 'n skerp sekel gehad; en 'n ander engel wat mag oor die vuur gehad het, het uit die altaar uitgekome en met 'n groot stem geroep na hom wat die skerp sekel het, en gesê: Slaan jou skerp sekel in en samel die trosse van die wingerdstok van die aarde in, want sy druiwe het ryp geword. En die engel het sy sekel oor die aarde laat gaan en die wingerdstok van die aarde afgeoes en dit gegooi in die groot parskuip van die grimmigheid van God. En die parskuip is buitekant die stad getrap, en bloed het uit die parskuip gekom tot aan die tooms van die perde, twee honderd myl ver.** (Openbaring 14:17-20 AFR1953)

Die wat opgewek is en die (enkele) gelowiges wat nog op die aarde lewe, word dan deur die Here in die lug opgeneem. So gaan ons die Here dan tegemoet.

Plekke in die Bybel wat hierna verwys, is:

**Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word. (1 Korintiërs 15:51-52 AFR1953)**

**Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees. (1 Tessalonisense 4:16-17 AFR1953)**

### Vers 13

**En in dié uur het daar 'n groot aardbewing gekom, en 'n tiende van die stad het geval, en sewe duisend mense het in die aardbewing omgekom, en die ander het bevrees geword en aan die God van die hemel heerlijkheid toegebring.**  
(Openbaring 11:13 AFR1953)

Dan kom die laaste gerig. Die verskriklikste dinge gebeur. Die hele aarde is meteens vol verwoesting en angs!

- ...het daar 'n groot aardbewing gekom...
- 'n tiende van die stad het geval,...

Die stad wat inmekaarstort, is die groot Babilon. Dis die stad wat in daardie stadium die middelpunt van die antichristelike wêreldmag is.

Die Here laat dus die mag van die antichris in duie sort – daarmee is dit met die antichris verby op die oomblik wanneer die Here kom.

- ...sewe duisend mense het in die aardbewing omgekom,
- en die ander het bevrees geword en aan die God van die hemel heerlijkheid toegebring.

Massas mense sterf. Tog het die Here pas vroeër vir die Sardisgemeente die volgende geskryf:

**Maar jy het enkele persone ook in Sardis wat hulle klere nie besoedel het nie, en hulle sal saam met My in wit klere wandel, omdat hulle dit waardig is.**  
(Openbaring 3:4 AFR1953)

Die orige mense word letterlik met angs oorval! Hulle bely God – maar uit vrees – nie tot hulle bekering nie!

Daar is al geopenbaar dat die heiliges en die engele die Here bely met 'n baie diep geloof!

**En elke keer as die lewende wesens heerlijkheid en eer en danksegging gee aan Hom wat op die troon sit, wat tot in alle ewigheid lewe, ...**  
(Openbaring 4:9 AFR1953)

**En hy het met 'n groot stem gesê: Vrees God en gee Hom heerlijkheid, want die uur van sy oordeel het gekom; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het. (Openbaring 14:7 AFR1953)**

Hoofstuk 8 begin waar die Here die sleutel van die afgrond aan die duiwel oorhandig en aan hom sy opdragte gee. Dit beteken dat die duiwel presies weet wie die Here is, en hy kan ook nie iets anders doen as om die Here te gehoorsaam nie, maar hy bely nog nie die Here nie.

In Openbaring 11:13 bely die aanhangers en navolgers van die satan die Here – maar nie tot bekering nie. Hulle bely net dat alle heerlijkheid inderdaad aan God toekom. Hulle het dus 'n fout gemaak om die satan te volg. MAAR vir bekering is dit dan te laat! Die heiliges is klaar deur die Here weggeneem!

Ons kry hierdie bewustheid by die sondaars tydens die wederkoms reeds vroeër in die boek Openbaring. Lees wat staan in hoofstuk 6:15, 16:

**en die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge, en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; (Openbaring 6:15-16 AFR1953)**

#### **Vers 14**

**Die tweede wee het verbygegaan; kyk, die derde kom gou.**

Die tweede wee het nou ook verbygegaan. Die aankondiging is nou dat die derde wee baie vinnig aan die kom is.

Die derde wee is die eindoordeel/eindgerig

- Die eindoordeel bestaan uit die handeling van die Here wanneer Hy al die goddeloses en ook die goddelose wêreld in die ewige poel van vuur gooi.

Die hoogtepunt van hierdie daad van die Here word beskryf in Openbaring 20:11-15:

**11 En ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie.**

**12 En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke.**

**13 En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke.**

**14 En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood.**

**15 En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp.**

#### **Vers 15**

**En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid.**

Kom ons gaan net eers terug en kyk weer na die vorige engele wat op hulle basuine geblaas het:

Openbaring 8:7 **En die eerste engel het geblaas, en daar het hael en vuur gekom met bloed gemeng, en dit is op die aarde gegooi. En 'n derde van die bome het verbrand, en al die groen gras het verbrand.**

**8 En die tweede engel het geblaas, en iets soos 'n groot berg wat brand met vuur, is in die see gegooi. En 'n derde van die see het bloed geword,**

**9 en 'n derde van die lewende skepsele in die see het gesterwe, en 'n derde van die skepe het vergaan.**

**10 En die derde engel het geblaas, en 'n groot ster wat soos 'n fakkel brand, het uit die hemel geval, en dit het geval op 'n derde van die riviere en op die waterfonteine.**

**12 En die vierde engel het geblaas, en 'n derde van die son is getref en 'n derde van die maan en 'n derde van die sterre, sodat 'n derde van hulle donker sou word en die dag vir sy derde deel nie lig sou gee nie, en die nag net so.**

Openbaring 9:1 **En toe die vyfde engel blaas, sien ek 'n ster wat uit die hemel op die aarde geval het, en aan hom is die sleutel van die put van die afgrond gegee.**

13 **En die sesde engel het geblaas, en ek het 'n stem gehoor uit die vier horings van die goue altaar wat voor God is,**

14 **en dié het aan die sesde engel met die basuin gesê: Maak die vier engele los wat gebind is by die groot rivier, die Eufraat.**

Let op hoe die openbaring tot nou toe verloop het:

- Hoofstuk 8 en 9 het geopenbaar dat daar na elke basuin 'n oordeel was wat tot bekering geroep het, maar wat ook gestraf het.
- Hoofstuk 11 openbaar dat die wêreld die evangelie van verlossing deur die Here Jesus Christus vertrap het (selfs in die heilige stad en in die tempel!).
- Nou is die einde daar! Die eindoordeel word nie in hierdie verse volledig beskrywe nie – dit gebeur eers in hoofstuk 19.
- Wat in hierdie verse gebeur, is dat die Here die eindresultaat (voorlopig) duidelik openbaar.

Die Here openbaar dat die ewigheid met sy eindoordeel begin:

- In daardie ewigheidstoestand gaan God se Godheid en Koningskap voluit skitter!
- In sy volmaakte reg gaan Hy almal wat Hom gehaat het, verwerp.
- Maar Hy gaan ook die krag van verlossing laat skitter oor almal wat Hom liefgehad het en wat Hom in gehoorsaamheid gedien het.

Toe die sewende engel sy basuin blaas, gaan daar baie stemme in die hemel op.

- Die stemme is groot stemme – met ander woorde dis stemme wat baie hard opklink!
- Dis stemme wat uit volle bors (en op hoogste toon?!) blydskap tot verheerliking van God uitsing.

**. . . daar was groot stemme in die hemel wat sê:**

Dit wat die stemme uitroep, laat ons duidelik verstaan dat dit 'n loflied tot eer van God is. Dit is 'n loflied wat aan God alle eer gee vir dit wat Hy tot stand gebring het met die eindgerig:

**Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid**

Die **koninkryke van die wêreld** beteken letterlik dat alle magte in die hemel en in die hel onder die bevel van God staan.

- Die gereddes in die hemel juig en sing tot eer van God.
- Die magte van die hel is selfs in hulle woede gebonde aan volle gehoorsaamheid aan die Here.
- Niks van God se regering het in (of voor) die eindoordeel tot niet gegaan nie.

Die Here Jesus is in Matteus 10:29, 30 aan die woord. Daar openbaar Hy dieselfde volle beheer en koningskap van God oor die natuur en die mens:

**Word twee mossies nie vir 'n stuiwer verkoop nie? En nie een van hulle sal op die aarde val sonder julle Vader nie. En van julle is selfs die hare van die hoof almal getel.**

Met die eindgerig openbaar die Here dat Hy in alle opsigte Here en God en Koning is.

Die sangers getuig van en bely sy Goddelike regering oor en eiendomsreg oor alles wat bestaan.

**Vers 16, 17**



**En die vier en twintig ouderlinge wat voor God op hulle trone sit, het op hulle aangesig geval en God aanbid en gesê: Ons dank U, Here God, Almagtige, wat is en wat was en wat kom, dat U u groot mag aangeneem en as koning geheers het.**

Die sang van die sangers word afgewissel met die aanbidding van die ouderlinge.

- Hulle is die verteenwoordigers van die Here se totale gemeente – die volle heilige algemene Christelike kerk.
- Hulle is verteenwoordigers van alle uitverkorenes (= gereddes) van skepping tot op hierdie oomblik van die eindoordeel van God.

Kyk wat doen die ouderlinge!

- Hulle klim van hulle trone af en val op hulle gesigte voor God neer!
- Hulle doen afstand van enige vorm van regering en word totale diensknegte van God.
- Met die diepste eerbetoon hef hulle 'n danklied aan tot eer van God.

Let op die opeenstapeling van die Here se grootheid:

- **Here**
- **God,**
- **Almagtige,**
- **wat is en wat was**
- **en wat kom,**
- **dat U u groot mag aangeneem en as koning geheers het**

Die Here het sy almagtigheid in die lig gebring deur sy Koningskap nou tot volle openbaring te bring.

- In die openbaring van sy ewige Koningskap is dit duidelik dat Hy in sy Godheid ongeskape is: Hy is en was.
- Hy het nou met sy koms al sy haters vernietig.
- Voor almal se oë het Hy die mag van die dier (antichris) doodgewoon laat degenerereer en verdwyn sodat Hy openbaar dat Hy daarvoor heers – dat Hy oor letterlik alles heers.
- Hy het daarmee geopenbaar dat Hy die regering van die antichris of enige mag toelaat om tot stand te kom, maar dat Hy dit ook tot niet maak net wanneer Hy wil.

## **Vers 18**

**En die nasies was vertoornd, en u toorn het gekom en die tyd van die dode om geoordeel te word en om die loon te gee aan u diensknegte, die profete, en aan die heiliges en aan die wat u Naam vrees, klein en groot, en om die verderwers van die aarde te verderf.**

'n Slegte mens dink altyd dat sy humeur alle deure vir hom moet oopmaak. Waar kom dit vandaan? Van die duiwel af!

- Daarom bely die ouderlinge dat die heidene woedend was vir die Here en die gelowiges.
- Die heidene met hulle sondige woede loop hulle in die eindoordeel teen die heilige toorn van God vas.
- Die nasies/heidene se woede het daarop uitgeloop dat hulle die Christene doodgemaak het en die kerk van die Here uitgeroei het (vs 7vv).
- Hulle het vas geglo dat hulle God daarmee uitgeroei gehad het!

Toe verskyn die Here in sy toorn om te oordeel oor die dode. (Die dode is die heidene. Die meeste is deur die eeue al dood, maar sommiges van hulle lewe nog steeds!)

Die ouderlinge bely dat die Here se oordeel in twee vlakke uiteenval:

- Eerste kry

- die diensknechte – profete – en
- al die heiliges en
- al die wat die Naam van die Here vrees by die Here hulle loon.
- Dit beteken hulle word salig.
  - Letterlik almal – klein en groot – word salig.
  - Daarom word elke moontlike beskrywing van wie 'n gelowige is, gegee.
- Daarna word daar kort en bondig bely dat die Here ook gekom het **om die verderwers van die aarde te verderf**.
  - Dis 'n bondige beskrywing van die vertoornde heidene wat almal vir ewig in die hel is (verderf toe).

## Vers 19

**En die tempel van God het in die hemel oopgegaan, en sy verbondsark is in sy tempel gesien, en daar was weerligte en stemme en donderslae en aardbewing en groot hael.**

Die tempel van God in die hemel is die ewige paleis van God.

- Die deure gaan oop!
- Dit beteken dat alles wat tot nou toe verborge was, meteens aan almal geopenbaar word!
- Almal – goed en sleg – sien God in die volle openbaring van sy Godheid.

Die volle heerlijkheid van God se blyplek word geopenbaar.

- Daarom sien hulle **sy verbondsark in sy tempel**
- **daar was weerligte**
- **stemme**
- **donderslae**
- **aardbewing**
- **groot hael**

Die ark staan in die heilige der heilige – in God se direkte teenwoordigheid.

- Almal sien dus God en die volle heilige heiligheid rondom Hom.
- Al die ander dinge openbaar die volheid van aanbidding aan God.
  - Die weerligte simboliseer die onsienbare heiligheid van God.
  - Die stemme simboliseer die almag van God in sy spreek en bevele – maar ook van die ontelbare engele en verlose mense wat Hom loof en prys.
  - Die donderslae, aardbewings en hael is die simbole van die mag waarmee God sy haters verwoes.